Leesrooster vir die week:

19 Mei 2019 **Vyfde Sondag van Paastyd** **Sing uit Psalm 98:1**	Handelinge 11:1-18 Psalm 148: Openbaring 21:1-6 Johannes 13:31-35

Prys die Here! Prys die Here vanuit die hemele, prys Hom in die hoë hemel! Prys Hom, alle engele, prys Hom, alle hemelwesens! Prys Hom, son en maan, prys Hom, alle sterre! Prys Hom, hoogste hemele, en waters in die hoë hemelruim!
PSALMS 148:1-4

Gebedsversoeke

Hospitaal:

Annette le Roux, Vincent Pallotti ICU, Gaan beter met haar.
Mariana Heath, Huis Lückhoff Siekeboeg, Herstel na beroerte
Freda Scott, Siekeboeg HL, Kanker

Tuis:

Fred Roux, Kraaifontein, Kanker (Koos Venter se skoonseun)
Sophia Ackerman, Marina Da Gama

Finansiële Oorsig vir Mei:

Dankoffers vir Mei	R41855 - Mikpunt: R52 273 p.m.
Erediensoffers vir Mei	R 4509 - Mikpunt: R12 000 p.m.

NG Gemeente Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 19 Mei 2019

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens. 'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Vul gerus jou besonderhede op die groen vormpie in.

OGGENDDIENS:

09:00	Kategese:
10:00 Kleuterkerk:	Tema;
10:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Handelinge 11:1-18
Tema:	"Aan watter kosher-wette hou ons nog vas?"
11:00	Tee na die erediens.
17:00 Invia:	Diens by Kerksentrum

AANDDIENS:

18:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Johannes 13:31-35
Tema:	"As ons van mekaar hou, sal sal mense weet ons is Christene"

A L G E M E E N

1. **<u>Kleingroep vir jong mense</u>:**
   Ons wil graag met 'n nuwe kleingroep vir ons werkende/studerende jeug begin. Ons skop af op Dinsdagaand 28 Mei om 19:00. Ons sal by die pastorie (Argyle 9, Rondebosch) bymekaar kom tot ons anders besluit. Indien jy die geleentheid wil bywoon, laat weet asb vir Dr Johan vdhj100@gmail.com

2. **<u>Railway Vintage Mark</u>:**
   Ons hou eers weer 7 Junie mark. Ons het gemeentelede nodig wat vir ons wyer kan help adverteer. Nooi jou bure en vriende om een keer 'n maand saam by ons mark te kom kuier. Dit word amper winter en julle kan lekker warm saam in die saal kom kuier.

3. **<u>Huisbesoek</u>:**
   Die leraar is deurlopend met huisbesoek besig. Indien jy egter 'n behoefte het dat hy by jou besoek moet aflê, vul asb ook die groen vorm wat in die kerk beskikbaar is, in. Die telefoon by die pastorie het nie 'n antwoorddiens nie. Indien jy hom nie in die hande kry nie, skakel hom gerus op sy selfoon by 083 448 2609.

4. **<u>Gebedsimfonie</u>:**
   Vind plaas op 25 Mei by verskeie gebedshuise. Kontak gerus vir Edward Coetzee by (021) 685 1244 vir meer inligting oor hierdie geleentheid.

5. Ons wil graag ons deure oopstel vir ons jongmense en studente om in die week tussen 08:00 - 13:00 van ons gratis "**WiFi** " gebruik te kom maak. Praat gerus met die kerkkantoor indien jy sou belangstel.

6. **<u>Hemelvaartsfees:</u>**
   Die 30ste Mei om 10:00 sal daar 'n Hemelvaartsfees in die Kerkgebou plaasvind. Nooi gerus iemand saam.

Verjaardae vir die week

Mariana Heath	20 Mei
Marinda Steenkamp	21 Mei
Marisa Steenkamp	22 Mei
Rhoda Butler	25 Mei

25 tot 29 September 2019
Is jy bereid om vir twee jong-mense vir die paar dae verblyf te gee?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

7. **<u>Vertoonkas vir ou Bybels</u>:**
   Ons wil graag van ons ou gemeentebybels in 'n vertoonkas uitstal. Indien jy dalk 'n ou vertoonkas het om vir ons te skenk, skakel gerus die kerk-kantoor.

8. **<u>Wit-Olifante en Gebruikte klere</u>:**
   Na afloop van die Basaar hierdie jaar, het ons al die oorblywende boeke, gebruikte klere en tombolatafel-skenkings, wat nie vir die laaste twee jaar verkoop het nie, aan Oasis geskenk.
   Ons wil graag 'n beroep doen op die gemeente om, wanneer julle huis skoonmaak, weer vir ons van die bogenoemde skenkings te maak.
   Ons wil graag nuut begin. Ons het reeds skenkings nodig voor ons volgende Vintage Mark.
   Moet asseblief nie gebreekte huisware by ons aflewer nie. Elektriesie ware moet in 'n goeie, werkende toestand wees. Dankie byvoorbaat vir julle ondersteuning.

9. **<u>Junie is U-Turn-maand:</u>**
   Ons ondersteun weer vir U-turn in Junie. Vra solank familie en vriende vir bydraes van warm truie, baadjies en klere. Nie-bederfbare kruideniers-ware is ook welkom.

10. **<u>Pinkster-dienste</u>:**
    Oor twee weke is dit Pinkster. 3-6 Junie het ons daagliks twee Pinkster-byeenkomste. 09:00 Is daar 'n stil, gewyde gebedsdiens in die kerkge bou en 19:00 sal daar 'n temadiens by Huis Lückhoff wees.
    Merk dit solank op jou kalender.

11. **<u>Interkerklike Vrouetee</u>:**
    Al die dames van ons gemeente word hartlik uitgenooi na 'n Interkerklike vrouetee op 13 Junie 2019 om 10:00. Ons wil jou aanmoedig om ook iemand van 'n ander gemeente saam te nooi. Die oggend is 'n informele saamkuier geleentheid. Skakel gerus vir Ina du Toit (074) 143 3325 indien jy sou belangstel om saam te kom kuier.